**BOARD / RAAD**

**KENNISGEWING 36 VAN 2016**

National Agricultural Marketing Council
Promoting market access for South African agriculture

## UITNODIGING OM TE REGISTREER AS ’N DIREK GEAFFEKTEERDE GROEP IN TERME VAN DIE WET OP DIE BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, WET NO. 47 VAN 1996, SOOS GEWYSIG

Die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) is besig om sy “Register van Direk Geaffekteerde Groepe” vir elke kommoditeit in die landboubedryf op te dateer.

‘n Direk geaffekteerde groep is enige groep persone wat betrokke is by die produksie, verkoop, koop, verwerking of verbruik van ‘n landbouproduk en sluit in arbeid wat in diens is by die produksie of verwerking van so ‘n produk.

Die register word onder andere gebruik om aansoeke vir statutêre maatreëls, (statutêre inmenging in die landboubedryf) onder die aandag van direk geaffekteerde groepe te bring en sodanige geaffekteerdes te nooi om besware of vertoë aangaande ‘n versoek binne ‘n bepaalde tyd by die NLBR in te dien. Die kommentare van direk geaffekteerde groepe word in ag geneem in die formulering van die NLBR se aanbevelings aan die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye.

**Indien u groep nog nie geregistreer is nie, word u vriendelik uitgenooi om as ‘n direk geaffekteerde groep by die NLBR te registreer.**

**---------**

**Indien reeds geregistreer, laat weet asb indien u kontak besonderhede verander het.**

Registrasie is gratis. Stuur asb die volgende inligting aan die NLBR om te registreer:

- Naam van die organisasie/ besigheid/groep
- Landbouprodukte waarvoor geregistreer word, bv. mielies, rooivleis, sitrus, ens.
- Groep waarvoor geregistreer word bv. produsent, handelaar, invoerder, verwerker, ens
- Kontakpersoon
- Posadres, telefoon en faksnommers
- E-pos adres en webadres

**Navrae: Lizette Mellet, tel no 012 341 1115, fax 012 341 1911 of e-pos Lizettem@namc.co.za**